NWK Koördinaat
Inligtingsblad vir NWK klante - No 13 - Julie 2007

Hulle vat nou voor

Heinrich Krüger is sedert Junie vanjaar nuut aan die direksiestuur. Sy verkiesing tot voorsitter van die direksie van NWK Beherend Beperk, tydens die konstitueringsvergadering op 19 Junie, volg na die aftrede van Gert Pretorius (voorsitter: NWK) tydens die algemene jaarvergadering.

Tydens die konstitueringsvergadering is Lemmer Vermooten tot ondervoorsitter verkies. Heinrich en Lemmer dien ook albei in dié hoedanighede op die direksie van NWK Beperk.

Nuwe direkteur

Julius Mahne is op 12 Junie tydens 'n wyksverkiesing tot nuwe wyksdirekteur vir wyk 1 verkies en is dan ook die nuwe direkteur op die direksie van NWK Beherend Beperk.

NWK Beperk se direksie

Christo van Niekerk is die nuutverkose direkteur wat nou saam met Heinrich Krüger, Lemmer Vermooten, Hannes du Preez, Coenie van der Merwe en Hentie Badenhorst as die nie-uitvoerende direkteure op die direksie van NWK Beperk dien.

Lemmer Vermooten en Heinrich Krüger is onderskeidelik as ondervoorsitter en voorsitter van NWK Beherend Beperk se direksie verkies.

Direksiekomitees

Die direksiekomitees is soos volg saamgestel:

- Vergoedingskomitee: Heinrich Krüger, Lemmer Vermooten en Christo van Niekerk.
- Ouditkomitee: Lemmer Vermooten, Hannes du Preez en Coenie van der Merwe.
- Lemmer Vermooten is as werkgewertrusteelid van die NWK-pensioenfonds aangewys. Die ander werkgewertrusteelid is Heinrich Krüger.

Direksies van die maatskappyfiliale

Heinrich Krüger dien nou op die direksies van al die maatskappyfiliale (en is ook die voorsitter), met die uitsondering van die direksie van Noordwes Voere, waar Ertjies Jacobs en Theo Rabe die enigste direkteure is.

Lemmer Vermooten dien saam met Heinrich Krüger as direkteur op die direksies van nege van die maatskappyfiliale.

Epko en Epkor se direksies bestaan uit Heinrich Krüger, Ertjies Jacobs en Bert Prinsloo.

Besturende direkteur

Danie Marais, die nuwe besturende direkteur, dien op die direksie van NWK Beperk en is ook aangewys as lid van die vergoedingskomitee.

NWK kry nuwe besturende direkteur

NWK Beperk het sedert Julie vanjaar 'n nuwe besturende direkteur: Danie Marais. Sy aanstelling volg na die aftrede van dr Chris Wentzel aan die einde van Julie.

Danie (50) het uitgebreide ondervinding met betrekking tot landboubesighede en was tot Julie 2006 die hoof uitvoerende beampte van VKB gewees. Voor dit was hy vir meer as 19 jaar verbonde aan African Products (Pty) Ltd – onder meer as uitvoerende direkteur.

Dit is juis hier, deur sy betrokkenheid by die aankoop van mielies vir die aanleg, waar hy in aanraking met die boeregemeenskap en landboubesighede gekom het.

Hy het 'n BCom- en MBL-graad en is getroud met Cecile. Die egpaar het twee seuns: Niel (25) en Werner (23).

Danie Marais

NWK
U tevredenheid is ons trots

Dít bied NWK jou ekstra

Sedert die begin van die vryemarkstelsel vir die bemarking van graan is daar al baie planne gemaak met die opberging van graan op ander wyses as by die konvensionele beton silostrukture.

Hierdie alternatiewe opbergingsfasiliteite op plase is onder andere sinksilo's, klein sementsilo's en dan die nuutste, die sogenaamde plastiese silosakke.

Kobus van den Berg (bestuurder: Graandienste) en Gert de Bruin (bestuurder: Graanbemarking) gee vir die produsent 'n kykie na die toegevoegde waarde wat 'n produsent kry as hy besigheid met 'n gevestigde landboubesigheid, soos NWK, doen.

Graandienste

Hiermee wil ons nie weer die kostes, risiko's en voor- en nadele van die alternatiewe tipes opberging bespreek nie, maar eerder 'n perspektief gee oor hoekom daar eerder met NWK besigheid gedoen moet word.

Met die neem van jou opbergings- en bemarkingsbesluite, bied NWK jou die volgende:

- Graansilo's is strategies in die gebied versprei en binne redelike afstand toeganklik vir alle produsente.
- Graan kan vinnig deur kundige, opgeleide gradeerders gegradeer en afgelaai word.
- Betroubare graderingstoerusting word gebruik en toerusting word deurlopend in stand gehou en opgegradeer sodat produsente en kopers gemoedsrus kan hê wanneer hulle produkte by NWK lewer of koop.
- Indien graan met skadelike sade besmet is of daar te veel klein pitjies in besendings is, is daar op strategiese plekke skoonmaakdienste beskikbaar om die produk te kan opgradeer.
- 'n Drogingsdiens is beskikbaar om nat graan te droog en bemarkingsgeleenthede tydig te benut.
- Produkte kan op verskillende skemas vir die gerief van die produsent gelewer word, naamlik:
  - In die leweringsrekening waar die produk kan bly sonder dat die hanterings- en opbergingskoste met lewering betaal hoef te word. Hierdie koste word eers gehef wanneer daar met die produk gehandel word of tot 'n keerdatum bereik word waarna dit outomaties na privaatopberging oorgeplaas word. Afhangende van hoe vroeg die graan gelewer word, bied hierdie opsie 'n kontantvloeivoordeel wat 'n rentebesparing van tot R5/ton op die opbergingskoste vir mielies tot gevolg kan hê.
  - Direk in privaatopberging, waar gebruik gemaak kan word van 'n vaste seisoentarief vir opberging of die normale dagtarief tot by 'n plafonbedrag.
  - In die klandisiemaalskema, waar mielies gelewer kan word en meel by 'n handelswinkel van die produsent se keuse getrek kan word.
  - Direk in NWK Graanbemarking se aankoopskema of leweringskontrak.
- Wanneer graan op een van die bogenoemde opbergingsopsies gelewer word, word alle risiko's deur NWK gedra en waarborg NWK die kwaliteit en hoeveelhede aan die eienaar van die produk. 'n Produsent kan dus die produk opberg vir solank hy wil en het genoegsaam tyd om die beste bemarkingsopsies uit te oefen en geleenthede te benut.
- Silogebruikers het vrylik toegang tot Safex- en silosertifikate asook elektroniese silosertifikate wat marktoegang verseker.
- Wanneer produsente produkte aan NWK verkoop, is betaling gewaarborg en geen risiko word geloop dat hulle nie hul geld sal kry nie.
- 'n Intydse graanontvangstelsel word bedryf sodat voorraadrekords onmiddellik ná die leweringstransaksie afgehandel en bygewerk is. Wanneer produkte aan NWK verkoop word, is die transaksie direk, na die afhandeling van die ontvangsbewys by die depot, op die produsent se rekening by die Kredietdepartement bygewerk en die opbrengs is dadelik vir uitbetaling beskikbaar. Daar is geen wagtye van twee dae of twee weke ná lewering of eers teen aanbieding van 'n silosertifikaat nie. As die omvang van transaksiewaardes in ag geneem word, hou dit wesenlike rentevoordele vir produsente in – hetsy op hul finansiering by NWK of elders by ander finansieringsinstellings.
- Uitsakdienste is ook beskikbaar indien kopers produkte in sakke wil hê.
- Vinnige uitlaaigeriewe is vir pad- en spoorvervoer beskikbaar.
- Stelsels en prosedures is ook by al die depots geïmplementeer wat voedselveiligheid waarborg. Gereelde eksterne oudits wat hierdie stelsels bevestig, word gedoen.

Graanbemarking

Boerdery en graanbemarking het die afgelope dekade 'n nuwe era betree. Gert de Bruin (bestuurder: Graanbemarking) verduidelik:

Beprysing en bemarking van graan rus nou grootliks op die skouers van die produsent.

NWK Graanbemarking is daar om hierdie proses vir die produsent te vergemaklik en om deurlopend kundige advies te voorsien. Ons span graanhandelaars staan gereed om jou van die jongste markinligting en Safex-pryse te voorsien. Deur NWK Graanbemarking kan jy toegang verkry tot al die Safex-instrumente.

Funksies wat aan die produsent gebied word, sluit die volgende in:

- Beprysing
- Verskansing
- Markinligting en -tendense
- Bemarking
- Kundige advies

NWK Graanbemarking het homself al oor die jare heen in die mark bewys as 'n instelling wat met integriteit en doelgerigtheid die belange van sy produsente op die hart dra.

In die bemarking van graan poog NWK om deur hul diens die beste waardetoevoeging moontlik aan die produsent te bewerkstellig. Jy kan staat maak op NWK se voortgesette spoedige diens en behulpsaamheid.

Dié graanhandelaars kan jou help

Graanbemarking is 'n deurlopende proses en die suksesvolle implementering van 'n bemarkingstrategie hang van beide die produsent en sy graanhandelaar af. Gesels vandag nog met jou NWK graanhandelaar om jou te help om jou unieke bemarkingsbehoeftes aan te spreek.

Hoewel die graanhandelaars fokus op die bediening van produsente in die spesifieke streke soos wat aangedui is, staan dit 'n produsent in enige van die streke vry om met een van die graanhandelaars te skakel, ongeag in watter streek hulle geleë is.

1

2

3

4

5

6

1. ***Henning Ellis: Koster-streek (Grootpan, Koster, Derby, Boons, Syferbult, Swartruggens en Groot Marico). Tel: (018) 633-1340***
2. ***Hendrik Gagiano: Sannieshof-streek (Sannieshof, Bossies, Biesiesvlei, Nooitgedacht, Barberspan, Mareetsane en Taaiboschpan). Tel: (018) 633-1017***
3. ***Derik Strydom: Ottosdal-streek (Ottosdal, Rostrataville, Vermaas, Kleinharts en Bospoort). Tel: (018) 633-1012***
4. ***Stefan van der Westhuizen: Lichtenburg-streek (Lichtenburg, Hibernia en Lushof). Tel: (018) 633-1007***
5. ***Kobus du Plessis: Delareyville-streek (Delareyville, Geysdorp, Excelsior, Kameel, Migdol, Barberspan). Tel: (053) 948-0655***
6. ***Jan Rothman: Coligny-streek (Coligny, Bodenstein, Oppaslaagte en Gerdau). Tel: (018) 633-1014***

Loonprogram nou afsonderlik BESKIKBAAR

Afriklok, 'n instansie wat tyd- en loonstelsels ontwikkel, het 'n nuwe toevoeging tot hulle bestaande klokke gemaak.

Hul loonprogram is nou afsonderlik, sonder die klok, vir R1 368 (BTW ingesluit) beskikbaar. 'n Jaarfooi van R342 is eers van die tweede jaar af betaalbaar. Die program kan lenings, spaar, verlof en algemene aftrekkings en byvoegings hanteer.

Volgens Barbara Willemse (landbou-ekonoom) is hierdie 'n meer bekostigbare opsie vir die produsent wat nog nie 'n loonprogram in sy stal het nie. Skakel Landboubestuursdienste gerus by (018) 633-1143 vir enige navrae.

Het jy geweet?

- Daar is omtrent 280 000 windpompe op plase oor die hele Suid-Afrika.
- Die hoogste reënval in Afrika is in die omgewing van Kaap Debundscha in Kameroen, waar gemiddeld 9 800 mm per jaar val.
- Die laagste temperatuur wat nog aangeteken is, was -24˚C by Ilfranco in Marokko en die hoogste 57,8˚C by Al'Azizija in Libië.

Bron: *Wonderlike Afrika* deur Dawid van Lill, 2004

In die volgende uitgawe...

Die NWK Debiteurekaart is deur die direksie goedgekeur. Sien die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* rakende aansoekprosedures.

Wenke vir die boer

Produsente moet gedurende Julie en Augustus aandag aan die volgende aspekte gee:

Veekunde

- Diere moet ontwurm word. Bestel Cydectin, Ivomec Gold of enige ander middel vroegtydig sodat die diere in Julie/Augustus gespuit kan word.
- Reël met 'n veearts dat alle bulle vir geslagsiektes en vrugbaarheid getoets word. Dit moet teen September afgehandel wees wanneer die bulle by die verse gesit word.
- Maak seker dat die diere 'n winterlek kry en dat daar voldoende voer vir die diere is.

Weiding

- Dra sorg dat die kampe wat gedurende die somer totaal gerus is, goed bewei word. Indien nodig, maak gebruik van LS 33 om die materiaal te benut.

Kontaknommer

Vir meer inligting, skakel Landboubestuursdienste by (018) 633-1145.

Het jy al joune?

Wintergewasbegrotings vir besproeiingsgewasse vir die 2007-produksieseisoen is tans by Landboubestuursdienste beskikbaar. Die begrotings is vir spilpunte in die algemeen, terwyl begrotings vir die Lindleyspoort- en Marico/Schuinsdrif-gebied spesifiek ook beskikbaar is. Klante kan vir Michael van Rooyen by (018) 633-1156 en *michael@nwk.co.za* of Barbara Willemse by (018) 633-1157 en *barbara@nwk.co.za* vir meer inligting kontak.

Grasdag gehou

Noordwes boerevereniging het gedurende die Meimaand hul kennis oor natuurlike veld en die benutting daarvan uitgebrei.

Hennie du Toit (veekundige: Landboubestuursdienste) het die dag, wat op die plaas van Steyn Marnewick plaasgevind het, afgeskop met 'n lesing oor hoe 'n voervloeibeplanning die beesboer kan help om voldoende voer vir die hele kudde vir 12 maande van die jaar, te voorsien. Martiens du Plessis (grondkundige: Landboubestuursdienste) het 'n inleidende lesing oor die benutting van veld en weidingsbestuurstelsels aangebied.

Die groep is daarna veld toe waar die eienskappe en beweidingsmetodes van suurveld, gemengde veld en soetveld prakties met voorbeelde in die veld bespreek is. 'n Veldopnamedemonstrasie is ook deur Hennie en Martiens gedoen.

Pierré Lombard (algemene bestuurder: Noordwes Voere) het laastens 'n baie interessante lesing oor lekke aangebied. Hy het die voedingsbehoeftes van diere in die verskillende seisoene uitgelig en verduidelik hoe Noordwes Voere se nuwe Opti-reeks in dié behoeftes kan voorsien.

Afskaling raak resultate effens

Ten spyte van die 40%-afskaling in mielie-aanplantings en 'n jaar wat gekenmerk is deur graankwaliteitsprobleme, het NWK steeds bo verwagting presteer.

NWK se omset het met 20,5% gestyg en 'n nabelaste groepswins van R72,1 miljoen is vir die jaar behaal.

As die lae aanplantings, volgens Theo Rabe (finansiële direkteur), in berekening gebring word, is die afname van 24,4% in die wins, gemeet teenoor die vorige jaar, nie so drasties as wat verwag was nie.

'n Gewone interimdividend van 7c/aandeel is gedurende die jaar aan die aandeelhouers betaal terwyl 'n verdere gewone dividend van 18c/aandeel en 'n spesiale dividend van 6c/aandeel deur die direksie aanbeveel word.

Theo het NWK se klante bedank vir hulle lojale ondersteuning gedurende die finansiële jaar. "Sonder julle sou die resultate wat bereik is, nie moontlik gewees het nie."

Graan as sekuriteit gebied

In die lig van die huidige seisoen se droogte en die swak opbrengste, het die direksie goedkeuring verleen dat klante met agterstallige produksieskuld vanjaar hul graan in opberging as sekuriteit kan aanbied.

Die opgebergde graan in NWK se silo's bly as sekuriteit en die agterstallige produksieskuld word by die verkoop van die opgebergde graan gedelg, aldus Willie Manders (bestuurder: Krediet). Dit bied aan klante die geleentheid om moontlike beter graanpryse na die oestyd te benut.

Die skuld waarvoor die mielies instaan moet egter teen einde Februarie 2008 gedelg word. Voorwaardes geld en elke produsent sal individueel beoordeel word.

Aandelenuus

Die volgende aandele van NWK Beperk en NWK Beherend Beperk het vanaf 1 April 2007 tot 31 Mei 2007 verhandel:

NWK Beperk

Aantal	Prys per aandeel
13 806	R3,82
39 526	R4,00
53 332	

NWK Beherend Beperk

Aantal	Prys per aandeel
20 708	R2,05
5 592	R2,12
2 089	R2,22
66 328	R2,40
87 036	

Belangstellende kopers en verkopers kan Sekretariaat by (018) 633 1158/1159 skakel indien hulle belangstel om aandele te koop of te verkoop.

Staking by NWK beëindig

Na verdere samesprekings tussen NWK en die vakbond FAWU is die staking, wat vanaf 16 Maart geduur het, op 24 April beëindig.

Volgens Jan du Toit (bestuurder: Menslike Hulpbronne) het NWK volstaan by 'n vergoedingsaanpassing van 6% deur aan die werknemers in posgrade 1 tot 4 elkeen 'n vaste bedrag in plaas van 6% "accross the board" aan te bied. Dit het tot gevolg dat die werknemers wat hoër salarisse verdien minder as 6% kry en dié op laer salarisse meer as 6%. Die gemiddelde aanpassing wat toegestaan is, is egter steeds 6%," het Jan gesê.

'n Ooreenkoms tussen NWK en die vakbond is by die bedingingsraad vir die graanbedryf op 23 April in Pretoria onderteken. Werknemers wat aan die staking deelgeneem het, het geen betaling vir die tyd wat hulle gestaak het, ontvang nie.

Kry 'n voorskot op jou graan

Produsente wat nou kontant benodig, maar nie hul graan teen strooptydpryse wil verkoop nie, kan hul graan by NWK lewer en aansoek doen vir 'n voorskotbetaling.

Volgens Willie Manders (bestuurder: Krediet) wil NWK hierdeur produsente met hul kontantvloei help en hul die geleentheid bied om ná die leweringseisoen in moontlike prysstygings te deel.

Die graan in die silo dien as sekuriteit vir uitstaande skuld en die skuld moet teen einde Februarie 2008 gedelg word. Voorwaardes geld en elke produsent se individuele situasie sal oorweeg word.

Só lyk resultate van bemestingsproef

Hoër as normale bemestingtoedienings onder goeie bewerkingspraktyke is steeds lonend – selfs in ‘n jaar wanneer die reënval laer as normaal is. Dít is volgens proewe wat NWK-Omnia onlangs gedoen het.

Henk le Roux (bestuurder: Handel en Kunsmis) vertel meer daaroor. Die afgelope seisoen is kunsmisproewe, by onder andere Kobus du Preez van Grootpan, aangeplant op droëland mielies om die effek van kunsmistoedieningspeile op die effektiwiteit van beskikbare vogbenutting deur die plant, te bepaal.

Metode

Kunsmis is toegedien op een perseel teen kunsmispeile/behoefte vir die normale graanopbrengs (4 ton/ha), ‘n tweede perseel teen kunsmispeile om voorsiening te maak vir twee keer die normale opbrengs (8 ton/ha) en ‘n derde perseel teen peile vir drie keer die normale droëland opbrengs (12 ton/ha).

Resultate

Resultate gemeet na afloop van die seisoen het getoon dat, hoewel die bemestingskoste van die 8 ton/ha lande R1 260,60/ha meer was as dié van die kontrole (4 ton/ha), die bruto wins weens die hoër opbrengs R1 736,40/ha hoër was, terwyl vogbenutting (kg graan per minimum reënval) met 53,9% verbeter het.

By die hoogste kunsmistoediening (12 ton/ha) is R1 846,60/ha meer aan kunsmis spandeer, terwyl die bruto wins met R3 704,40/ha gestyg het en vogbenutting 99,5% teenoor die kontrole land verbeter het.

Die totale reënval was 456 mm en vooraf regstellingskoste van R1 113/ha is oor vyf jaar verdiskonteer. Sou ‘n mens egter die totale regstellingskoste oor een jaar verdiskonteer, sou die som steeds positief wees – natuurlik met ‘n groter positiewe effek oor die res van die tydperk.

Die proewe toon dus dat “oorbemesting” teenoor normale bemestingspeile, steeds lonend is in ‘n jaar van matige laer as normale reënval, terwyl die positiewe effek selfs groter sal wees in ‘n bo-normale reënval jaar.

Volledige inligting oor die resultate sal in die volgende uitgawe van *Noordwes Nuus* verskyn. Kontak intussen vir Phillip Venter of Frik Oberholster by (018) 633-1270 vir meer inligting.

Versekerings-wenk

Voorkom probleme met motorvoertuig-eise: Hernu jou rybewys vroegtydig. In terme van wetgewing is ‘n rybewys wat verval het, ongeldig.

Is jou koring verseker?

Produsente word weer eens gewys op die gevoeligheid van veral wintergraan-gewasse, soos koring en hawer, vir hael.

“Alhoewel die grootste risiko sekerlik net voor strooptyd in November en Desember bestaan, sal produsente onthou dat daar al wel gevalle binne die NWK bedieningsgebied was waar 100% skade op jong koring getakseer is,” waarsku Daan Hugo (Versekeringsbestuurder).

Produsente word dus aangemoedig om hul koring vroegtydig te verseker en gebruik te maak van die 45 dae uitstel voor hul rekenings gedebiteer word. Hierdie toegewing verlaag ook die rente faktor op produksierekeninge aansienlik.

Beskerm jou winter-spens

Wintertyd is veldbrand tyd. Die min reën van die afgelope seisoen en gevolglike lae grondvog, veroorsaak dat die veld-grasse hierdie winter besonder droog is.

Hierdie toestande, saam met onver-antwoordelike vuurmaakpraktyke en ook weerlig, kan die vee- en wildboer se totale “spens” binne ‘n oogwink in vlamme laat opgaan.

Agri Risiko Spesialiste, of ARS soos hulle bekend staan, het egter ‘n produk ontwikkel om die produsent, na afloop van só ‘n ramp of verlies, weer ongeveer in dieselfde posisie as voor die brand te plaas.

Daan Hugo (Versekeringsbestuurder) verduidelik: “Die produsent gaan weliswaar nie sy hektare weiding terugkry nie, maar met kontant in die hand kan hy veevoer aankoop om die tydperk tot die weiding weer reg is, te oorbrug. Teen die prys van slegs ‘n paar beeste of stuks wild, kan die produsent verseker dat hy nie sy kudde hoef te verklein deur van sy diere te verkoop om te oorleef nie.”

Gesels sommer vandag nog met jou naaste NWK Versekeringsadviseur oor ARS se brand-op-weiveld-produk.

Kontrakteurs loer by Econobuild in

Econobuild Mafikeng het op 3 Mei ‘n boukontrakteursdag aangebied. Volgens Louw Coetzer (winkelbestuurder) was die doel van die dag om aan boukontrakteurs te wys watter tipe voorraad Econobuild Mafikeng aanbied, maar ook om verdere behoeftes en geleenthede te identifiseer.

Lewer geelmielies direk

Produsente kan vanjaar geelmielies direk aan Noordwes Voere in die mielie-aankoopskema lewer.

Volgens Pierré Lombard (algemene bestuurder: Noordwes Voere) is die mielie-aankoopskema 'n gulde geleentheid vir produsente. "Klante met ander graansoorte as geelmielies is ook welkom om Noordwes Voere te kontak vir meer besonderhede," het hy genooi.

Prys en betaling

Sodra daar 'n ooreenkoms met die produsent aangegaan is ten opsigte van die prys en hoeveelheid graan wat gelewer word, kan lewering gereël word. Mielies wat in 'n spesifieke week gelewer word, sal die volgende Vrydag uitbetaal word.

Produsente wat in die mielie-aankoopskema belangstel, kan vir Carel Opperman (aankoopbestuurder: Noordwes Voere) skakel by (018) 632-4053.

Braaipap kry ander kleur

Noordfed het onlangs 'n nuwe produk tot hulle reeks gevoeg: Vita geel braaipap.

Hierdie pap word van geelmielies vervaardig en die granulasie is growwer om 'n beter tekstuur aan die gekookte produk te gee. Dit maak beide heerlike slappap vir ontbyt en stywe pap by 'n braai.

Noordfed is tans die enigste maatskappy wat hierdie produk bemark en dit sal in 2,5 kg verpakkings by NWK se handelswinkels beskikbaar wees.

Onthou hiervan!

Klante word daaraan herinner om voldoende tonnemaat mielies by hul naaste graandepot vir die Noordfed klandisiemaalskema in te ry. Meel kan dan gedurende die jaar by Noordfed of enige NWK handelswinkel afgehaal word. Kontak Noordfed by (018) 632-5037 vir enige vrae in dié verband.

Nuwe T7000-reeks trekkers beskikbaar

Die nuwe reeks New Holland T7000 trekkers is gedurende NAMPO aan die Suid-Afrikaanse landbouers bekend gestel. Die reeks bestaan uit vier modelle, naamlik die T7030 (121 kW), T7040 (132 kW), T7050 (143 kW) en die T7060 (154 kW).

New Holland se nuwe T7000-reeks.

Hierdie nuutontwerpte trekkers is toegerus met 'n nuwe 6,73 liter New Holland enjin en 'n "common rail"-brandstofstelsel word gebruik. Die stelsel beheer die inspuiters elektronies en 'n baie hoë druk word gebruik om die diesel in die verbrandingskamer in te spuit. Dit lei tot beter ontbranding en verseker dat optimum kraguitset vir elke brandstofeenheid ontwikkel word. Vier kleppe per suier verbeter verder brandstofverspreiding en lugvloei in die verbrandingskamer.

Met die brandstof wat elektronies beheer word, is dit ook moontlik om die krag van die masjien met tot 26 kW te verhoog deur 'n enjin-beheerstelsel.

Die trekkers word toegerus met 'n 18-spoed kragratwisseling-ratkas. Die kragaftakker se spoed kan verander word vanaf 540 o.p.m. ekonomies en na 1 000 o.p.m. om 'n wye reeks kragmasjinerie en implemente te kan hanteer.

"Supersteer" is standaard op die twee groter modelle. Hierdie sisteem help om die draaisirkel van die trekker met tot 30% te verminder. Die gevolg is dat 'n besparing van tyd van tot 8% gemaak kan word in die draaie in vergelyking met ander produkte op die mark. Die trekkers is ook toegerus met omdraai-hulpstelsels. Dit beteken dat die produsent sekere funksies in die rekenaar kan insleutel, wat herhaaldelik gedoen moet word wanneer by die wenakker gedraai word. Die werk sal dan outomaties deur die trekker gedoen word. Die trekkers is ook toegerus met 'n hidrouliese pomp met 'n reuse-lewering van 217 liters olie per minuut, wat daartoe bydra dat die trekkers met swaar gesleepte implemente kan werk.

Om op te som: Die nuwe T7000 trekkers van New Holland is 'n nuwe generasie trekker wat optimale werkverrigting na 'n nuwe vlak voer. Kan jy nog bekostig om met die Tweede Wêreldoorlog se tegnologie te boer – en ook die dieselrekening wat daarmee saamgaan?

Elemente kry bloedneus

Ongunstige klimaatstoestande kan 'n produsent finansieel breek. Die afgelope seisoen se droogte en onreëlmatige reënval is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Ingesamelde mielieoeste van 500 kg/ha en selfs minder is aan die orde van die dag.

"Selfs teen die huidige mieliepryse kan geen produsent oorleef met die hoë koste van insetmiddele nie," vertel Daan Hugo (Versekeringsbestuurder).

"Juis daarom is die versekeringsprodukt, insetkoste- of alle risikoversekering op oeste, ontwikkel om die produsent se risiko te verskans."

Behalwe vir versekeringsdekking teen die tradisionele gevaar van hael, is hierdie produk ook uitgebrei om versekeringsdekking te bied teen: droogte, oormaat reën, onbeheerbare insek- en ongedierte plae en onbeheerbare plantsiektes.

Insetkosteversekering verseker die produsent in sulke ongunstige omstandighede.

Vir groter gemoedsrus, kontak jou NWK Versekeringsadviseur sommer dadelik.

Personeelskuiwe en aanstellings

Die volgende personeel is onlangs bevorder of in diens van NWK aangestel:

Noordwes VW

Louis van Tonder is die nuwe verkoopsverteenwoordiger by Noordwes VW op Lichtenburg. Kontak hom by (018) 633-1321 as jy belangstel in ‘n nuwe of gebruikte Volkswagen.

Noordwes Voere

Vanaf 1 Maart is Carel Opperman die nuwe aankoopbestuurder; John Veenstra die tegniese bestuurder en Stephan van der Westhuizen die nuwe formuleerder by Noordwes Voere. Carel is verantwoordelik vir alle aankope van grondstowwe en verpakkingsmateriaal; John vir die verkope, formulering, produkontwikkeling en tegniese diens aan klante terwyl Stephan na die formulering en herformulering van die voere sal omsien.

Krediet

Freddie Pohl, voorheen hoofrekenmeester in die departement Finansies, is aangestel as die nuwe bestuurder: Krediet vanaf 1 Julie 2007. Sy aanstelling volg na die aftrede van Willie Manders.

Louis van Tonder

Carel Opperman

John Veenstra

Stephan van der Westhuizen

Freddie Pohl

Graandienste

Dawid Pretorius (depotbestuurder van Migdol graandienste) word vanaf 1 Junie oorgeplaas na Vermaas as depotbestuurder.

Volgende vergadering

Die volgende direksievergadering sal op 21 Augustus 2007 plaasvind.

Nywerhede

Kapasiteit by Epko vergroot

Epko se mieliekiemaanleg op Lichtenburg is onlangs opgegradeer om die deurset van die aanleg te vergroot. Volgens Bert Prinsloo (besturende direkteur: Epko) kan die aanleg nou 3 000 ton mieliekiem per maand hanteer teenoor die 2 000 ton in die verlede.

“Ons kan nou ook die olieresteVan die oliekoek beheer en seker maak dat dit op aanvaarbare vlakke is. In die verlede kon ons nie die olie-inhoud van die oliekoek verminder nie en het ons teen reste met ongeveer 8% olie geproduseer.

“Dié het nou na 4% verminder en die moontlikheid is daar om ons doelwit van ongeveer 2,5% olieresteIn oliekoek te behaal,” verduidelik Bert.

NWK was ook by Nampo oesdag

As jy tydens die NAMPO Oesdag ‘n draai in die NAMPO-saal gemaak het, het jy sekerlik ook NWK en sy filiale se spoguitstalling opgemerk.

Een van die hoogtepunte van die uitstalling was die bekendstelling van Noordwes Voere se Opti-reeks en daaglikse prystrekkings.

Noordwes Voere het hulle nuwe Opti-reeks tydens NAMPO bekend gestel.

Gert Pretorius (voorsitter: NWK) en Rod Gravelet-Blondin van Safex deel ‘n grappie tydens NAMPO.

Nuwe voorkoms

Die immergewilde Touran gesinsmotor het ‘n kosmetiese opgradering gehad en spog nou met ‘n nuwe baadjie. Die Touran met ‘n 1.9 en 2.0 liter TDi dieselenjin asook ‘n 2.0 FSi petrolenjin, is nou by Noordwes VW op Lichtenburg beskikbaar. Vir meer inligting skakel Noordwes VW by (018) 633-1323.

Dr Chris groet NWK

Dr Chris Wentzel (besturende direkteur: NWK) tree aan die einde van Julie af.

NWK Koördinaat plaas graag sy groeteboodskap aan lede en klante van NWK wat oor jare vriende geword het.

Ná 33½ jaar diens by NWK het dit vir my tyd geword om te groet. Om totsiens te sê, lê swaar op 'n mens se gemoed. Dit is moeilik en glad nie lekker nie. Per slot van sake het ek, op ses jaar ná, my hele beroepsloopbaan in diens van NWK gestaan.

Gelukkig kan ek met dank en waardering terugkyk op 'n vervullende loopbaan by NWK. Vanweë die besondere verhouding waarin die lede as eienaars én klante van NWK staan, bestaan daar 'n hegte band tussen die lede en die personeel onderling, met die gevolg dat 'n mens oor die jare heen in mekaar se lief en leed deel en ook die voorspoed en teëspoed beleef wat die landboubedryf van tyd tot tyd ervaar. Dit was dan ook my ervaring by NWK. 'n Mens was saam met die lede dankbaar en bly in jare van voorspoed en was saam met hulle bekommerd wanneer die reën weggebly het en die oeste verdor het of as graanpryse en -kwaliteit nie aan die verwagtinge voldoen het nie.

Ek was bevoorreg om saam met die lede en die personeel van NWK vir 'n lang tyd deel te kon wees van 'n landbou-onderneming wat sy plek in die landbousektor deur dik en dun vol gestaan het en wat ontwikkel en gegroei het tot 'n finansieel kerngesonde en toonaangewende landboubesigheid.

My opregte dank en waardering aan elke lid vir u lojaliteit en volgehoue ondersteuning wat dit vir my moontlik gemaak het en maklik gemaak het om my taak by NWK te vervul – aanvanklik as lid van die bestuurspan en vir die laaste 17½ jaar as hoofuitvoerende beampte. Sonder u ywer en volgehoue ondersteuning sou NWK nie die prestasies kon behaal wat ons gesamentlik bereik het nie. Vergun my ook 'n woord van dank aan my eggenote en kinders vir hul voortdurende ondersteuning, aanmoediging en opofferings.

Ek groet u met die vertroue dat die direksie, bestuur en die res van die personeelkorps gemotiveer en toegerus is om die uitdagings wat voorlê met geesdrif aan te pak en NWK na nuwe hoogtes te lei. Ten slotte betuig ek graag my opregte dank teenoor ons Skepper vir sy leiding en onderskraging in my lang loopbaan by NWK.

Chris Wentzel

Willie lê die tuig neer

Hoe som jy jou loopbaan in 'n paar woorde op? Aan die einde van Julie tree ek na 40 jaar diens by NWK af.

Ek het van handstelsels tot rekenaarstelsels; koöperasiewese tot maatskappywording; amalgamasies en die staatswaarborg-era tot die draai van die millennium beleef.

In hierdie tyd het klante vriende geword. Ons is saam deur die goeie en die moeilike jare.

Van die traumatiesste oomblikke in my loopbaan was die wete dat die besluite wat ek soms moes neem, soos dat iemand se grond en bates verkoop moes word, dié persoon se hele lewe verander het. Aan die ander kant was daar die genoeglikheid as ek iemand kon help sodat hy met sy boerdery kon voortgaan.

Aan die einde hier by NWK, wil ek aan elke klant en kollega dankie sê vir al die jare se samewerking en lojale ondersteuning. Mag dit met elkeen van julle goed gaan en mag julle boerderye geseën word.

Willie Manders

Voorsitter neem afskeid

Wanneer enigeen na 'n dienstermyn van 24 jaar die tuig neerlê, kan dit nie geskied sonder heimwee en 'n tikkie nostalgie nie. Maar wanneer 'n mens voel dat jou dienstydperk geseënd en gelukkig was, maak dit die afskeid soveel makliker.

Gedurende só 'n lang periode is daar laagtepunte, maar ook hoogtepunte. Gelukkig vergeet 'n mens die laagtepunte eerste en bêre onaangename ervaringe in die kluis van vergetelheid. As die aangename dan oorheersend is, is dit 'n goeie teken daarvan dat dit blywende indrukke gelaat het.

Ek was altyd trots daarop dat ek NWK op soveel terreine kon verteenwoordig, want ons is 'n trotse organisasie met 'n trotse verlede en ook 'n mooi toekoms.

Elke persoon gaan deur sekere tye in sy lewe. 'n Tyd om gebore te word, 'n tyd om groot te word en 'n tyd om oud te word. Laasgenoemde fase wil 'n mens nie geredelik aanvaar nie, maar dit is my filosofie dat 'n mens die heel beste van elke afdeling van jou lewe moet maak. Tot dusver voel ek dat ek tot 'n groot mate daarin geslaag het en ek wil elkeen wat my gehelp het om my doelwit te bereik, bedank vir u ondersteuning en hulp. 'n Mens kan in die lewe nie as 'n individu funksioneer en sukses bereik nie.

Waar ek nou op aftrede staan, bedank ek u graag vir alles wat u deur die jare vir my gedoen en beteken het. Ek sal dit nooit vergeet nie en ek groet u nou met die bede dat die Here se seën op u almal en ook op NWK rus – van nou af tot in lengte van dae.

Gert Pretorius

NWK KOÖRDINAAT

NWK Koördinaat **is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Bemarkingsdienste deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE
Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Estie de Villiers (018) 468-2716 • 083 490 9449 • *estie@infoworks.biz*

UITGEWER
Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

Alle regte van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.